

Muir College

STIGTINGSDATUM: 1822
LEUSE: NEC PLURIBUS IMPAR (BOBAAS)
ADRES: SIR THOMAS MUIRRYLAAN, VANES ESTATE, UITENHAGE
WWW.MUIRCOLLEGE.CO.ZA

FNB

Skoolgeskiedenis

In 1822 het die Skot James Rose-Innes by die dorp opgedaag om 'n "English Free School" te stig ingevolge lord Charles Somerset se anglisasiebeleid. Die skool is begin met 'n leerlingtal van 60, wat teen 1929 tot 167 aangewas het. In 1840 is die skool tot die Government School herdoop. In 1873 het die Government School met die Proprietary School, wat in 1864 gestig is, saamgesmelt onder die naam die Public Undenominational School. In November 1892 het die skool sy voorlaaste naamsverandering gekry toe dit tot die Muir Academy genoem is – ter ere van die toenmalige sekretaris-generaal van Onderwys sir Thomas Muir. In 1906 is dit Muir College gedoop.

1ste span 1906

1ste span 2007



Rugby by Muir College

Ou foto's toon dat rugby reeds so vroeg as 1893 op Muir gespeel is, terwyl by Grey High School rekords is van hul eerste wedstryd teen die Muir Academy in 1894. Die hoof, John Mitchell, het in sy dagboek aangeteken dat op 13 April 1893 "'n vergadering gehou is om oor die voetbalklub te besluit". Hierdie pogings is egter in 1897 in die wiele gery deur die nuwe hoof, John Sutherland, wat sokker as die wintersport ingestel het. Rugby is weer in 1923 ingestel, en rugby op Muir is in 1931 werklik in kaart gebring toe die eerste span uit veertien wedstryde nege keer gewen en twee keer gelykop gespeel het. In 1933 het Muir sy eerste Springbok opgelewer – Fred Smollan.

Van 1941 tot 1942 het Frank Kingwell spanne aangevoer wat onder andere ingesluit het die bekende sportskrywer Norman Canale, die junior Springbok Malcolm Gillmer en die ewe bekende rugbyskrywer Mel Channer, wat kort na die Tweede Wêreldoorlog vir Skotland gespeel het. In 1944 het Muir die Eerste Skoleliga asook die oorblywende vriendskaplike wedstryde gewen om onoorwonne te eindig. Hulle het hulle ligatitel die volgende jaar suksesvol verdedig.

Hoewel 1950 en 1972 heuglike seisoene was, het Muir gesukkel teen sy tradisionele opponente, Grey High, Graeme College, Union High en Gill. Die skool beskik nie oor dieselfde diepte in spelers en afrigting as die ander skole nie, maar Muir was nog altyd mededingend, hetsy tuis of by die Craven-skoleweek. Muir is trots op Garth Wright, sy onlangste Springbok en een van Suid-Afrika se beste skrumskakels. Hy het in die jare 80 gespeel en is nou 'n rugbykommentator.

Internasionaal

Suid-Afrika:
Fred Smollan
Garth Wright

Skotland
Mel Channer

"Muir is 'n tradisionele rugbyskool met 'n koshuis waar al die koshuisgangers strooihoedjies dra. Die skool het ander tradisies soos maskots en 'n kreet by die rugby. Die tradisies word van een geslag na die ander oorgedra, en dit help om die skool spesiaal te hou en 'n rugbykultuur te skep. Skole word hoofsaaklik aan hul rugbyprestasies gemeet. Dit was die geval toe ek op skool was, en dis vandag nog so. Ons het 'n uitmuntende waterpolospan gehad, maar die 1ste rugbyspan se uitslae was al wat getel het. Muir het my uitmuntend vir Springbokrugby voorberei."

— Garth Wright (1979–81, kaptein 1980–81)